# ROEL VAN DER VEEN: *AFRIKA VAN DE KOUDE OORLOG NAAR DE 21E EEUW*. Kit-uitgewers, Amsterdam, 2002. 456 bladsye. Prys nie vermeld nie.

In die tweede helfte van verlede jaar het daar twee werke oor Afrika in Nederlands verskyn wat dui op 'n interessante verskuiwing in die sieninge van die Nederlandstalige wêreld oor Afrika en ontwikkelingshulp. Albei werke bevat 'n nuwe soort nugterheid wat soms neig om na 'n negativisme oor te slaan. Maar die realisme is in hulle toekomsperspektiewe oorheersend. Die een wat nie hier bespreek word nie, is van die Vlaamse hoofekonoom van **Trends**, Johan van Orteveldt. Die titel van sy boek dui aan waaroor dit gaan: **Marktzege(n)**. Dit is 'n kritiese ontleding van die waarde en resultate van Europese ontwikkelingshulp aan veral Afrikalande. Hy beklemtoon dat liberalisering van die samelewing in alle opsigte die enigste weg is waarlangs ontwikkeling in Afrika wel resultate kan begin oplewer.

Die werk van Roel van der Veen, wat in Oktober verlede jaar verskyn het, het veel groter opspraak in Nederland verwek. Omdat die skrywer die Waarnemende Hoof van die Wes-Afrika-lessenaar van die Departement Buitelandse Sake is, en sy boek ernstige kritiek op die doeltreffendheid van Nederland se ontwikkelingshulp aan Afrika bevat, het dit heelwat aandag in die media getrek. Tydskrifte en koerante het uitvoerige berigte daaroor geplaas. Na sy onderhoud met die redakteur van die **Nieuwe Rotterdamse Courant**, Dick Wittenberg, en met die radioprogram De Ochtend, het sy politieke hoof, Minister van Buitelandse Sake Jaap de Hoop Scheffer, 'n verbod geplaas op enige verdere media-onderhoude. Die Direkteur van die Nederlandse Instituut voor Zuidelijk Afrika, Peter Hermes, het dit ook nodig gevind om in 'n verklaring sy Instituut te distansieer van Van der Veen se bevindinge en uitsprake. Dit dui aan hoe sensitief die Nederlanders wel oor die onderwerp is. Nederlandse media het die klem geplaas op Van der Veen se oordele oor die Nederlandse ontwikkelingshulp en op sy siening van 'n moontlike toekomstige rol van die Islam in Afrika. Nie een van dié twee sake verteenwoordig egter die kern van Van der Veen, 'n opgeleide historikus, se boek as 'n interpretasie van die historiese elemente wat Afrika se huidige situasie bepaal nie. Nederland is een van net drie lande in die wêreld wat voldoen aan die Wêreldbank se doelstelling dat ontwikkelde lande 0,7% van hulle BNP aan ontwikkelingshulp moet bestee. Nederland bestee 0,8%. Van der Veen se kritiek op Nederlandse ontwikkelingshulp is juis dat hulle nie die historiese determinante van die huidige vervalle toestand in Afrika begryp nie.

Van der Veen was tot 1995 in Indonesië werksaam wat, as eertydse Nederlandse kolonie en 'n onnatuurlik nuutgeskepte staat na onafhanklikwording in 1949, vir hom die besondere geleentheid gebied het om 'n studie te maak van waarom die Indonesiese staat vandag in 'n bestaanskrisis verkeer. Sy betrokkenheid by Afrika na 1995 het hom natuurlikerwys vergelykings met Indonesië laat ontwikkel. Deur 'n intensiewe studie te maak van 'n verskeidenheid internasionale verslae oor ekonomiese toestande in Afrika en die moontlikhede van ontwikkelingshulp, het hy kennis opgedoen van toestande in Afrika. Dit het hom as amptenaar gehinder dat die beleid vir ontwikkelingshulp wat deur Nederland en die internasionale gemeenskap gevolg is, op aannames en teorieë gebaseer was wat nie met werklikhede klop nie. Die verslae en ondersoeke van die Internasionale Monetêre Fonds, die Wêreldbank, die Verenigde Nasies en sy agentskappe, die Organisasie vir Afrika Eenheid en 'n verskeidenheid internasionale en nasionale nie-regeringsorganisasies verskaf die feitelike basis waarop hy sy argumente en interpretasies baseer. Om te bepaal of Nederland werklik waarde vir sy geld kry, vergelyk hy ook die resultate wat ontwikkelingshulp in Afrika opgelewer het, met dié van Asië en Latyns-Amerika. Sy gevolgtrekking is deurgaans dat laasgenoemde twee vastelande 'n veel groter rendement op hulp lewer as Afrika. Twee voorbeelde ter illustrasie is Zambië wat met onafhanklikheid in 1964 twee maal ryker as Suid-Korea was, maar tans is die gemiddelde Suid-Koreaan 27 keer ryker as die gemiddelde Zambiaan, en Thailand en Ghana wat met laasgenoemde se onafhanklikheid in 1957 ewe ryk was. Tans is Thailand 'n gemoderniseerde land en Ghana nie (bladsy 418).

Van der Veen is nie 'n ondersteuner van die sogenaamde chaosteorie (van byvoorbeeld die Amerikaner Joe Kaplan) nie. Hy neem 'n tussenposisie in tussen diegene wat Afrika afskryf en diegene wat glo dat die regte formule net gevind moet word om Afrika se ontwikkeling aan die gang te kry. Sy probleem met eersgenoemde is dat hulle nie die potensiaal van ontwikkelinge in geselekteerde gebiede in Afrika (Van der Veen praat van eilande van groei en ontwikkeling) erken nie, terwyl laasgenoemde hulle te sterk verlaat op ontwikkelingsteorieë wat die historiese vormingskragte in Afrika ignoreer.

'n Billike beoordeling van Van der Veen se werk vereis dat daar op sy historiese raamwerk gekonsentreer word eerder as op sy standpunte oor omstrede kwessies soos ontwikkelingshulp en die sterk groei van die Islam as protesideologie in Afrika.

Van der Veen neem die einde van die Koue Oorlog as sy vertrekpunt omdat hy meen dat daardeur twee periodes in die geskiedenis van Afrika wat oor die voorafgaande eeu en 'n half gestrek het, afgesluit is. Anders as heersende

opvattinge argumenteer Van der Veen dat die koloniale tydperk en die anti-kolonialistiese stryd wat gedurende en deur die Koue Oorlog sy hoogtepunt bereik het, nie 'n omvattende verklaring vir Afrika se huidige probleme bied nie. Die negatiewe gevolge van kolonialisme is onbestwisbaar, maar dit, sowel as die tydperk van die Koue Oorlog, het in werklikheid verrassende stabiliteit aan Afrika gebring. Dit het in werklikheid ernstige inherente destabiliserende elemente in Afrika onder die kombers gehou, elemente wat nou eers duidelik in historiese perspektief waargeneem kan word. Dit is hierdie elemente wat die pogings van Westerse sieninge om teorieë en beleide te ontwikkel wat groei, ontwikkeling en demokratisering in Afrika sal bevorder, tot beperkte sukses dwing.

Onder die invloed van die Franse Annalesskool stel Van der Veen ondersoek in na die langtermynwerkende kragte in Afrika se geskiedenis (die *longue durée)*, wat van groter historiese belang is as die oppervlaktegebeure soos kolonialisme, die vryheidstryd en die Koue Oorlog. Hy identifiseer drie wesenlike elemente van hierdie sosiale, ekonomiese, kulturele en tradisionele faktore wat Afrika se huidige situasie bepaal:

- Eerstens die tradisionele mags- en sosiale verhoudinge in Afrika wat nie demokraties is nie omdat dit op 'n pre-moderne samelewingsorde gebaseer is soortgelyk aan wat Europa in sy voorindustriële tydperk en in die feodale orde geken het. Dit is 'n verhouding gebaseer op 'n beskermheer aan wie buitengewone magte toegeken word, en onderdane wat magte prysgee ter wille van die beskerming en ordening van die samelewing. Hierdie patroon-kliëntrelasie (*patronage* soos dit in die Franse literatuur bekend is), is in die koloniale tydperk gebruik om inheemse persone te mobiliseer om in diens te tree van die koloniale heersers. Dit is wat *indirect rule* in wese geïmpliseer het. Deur die kultuur en instrumentasie van die koloniale heersers oor te neem, het hierdie kliënte, vervreem van hulle eie kultuurbasis, magsposisies bereik wat hulle later juis weer in die anti-koloniale stryd kon gebruik. Na bevryding het hulle die politieke en ekonomiese élite gevorm wat reeds hulle natuurlike bande met hulle tradisionele samelewing verloor het. Hulle het nou hulle magspossies gebruik om deur koöptering, korrupsie en magsmisbruik die behoud van hulle posisie te verseker. Daarom was dit vir hulle belangrik dat geen opposisie toegelaat moes word om te ontwikkel wat hierdie magsposisie kon uitdaag nie. Hierdie netwerk van persoonlike relasies vorm 'n struikelblok vir demokrasie en is 'n bron van korrupsie. Die *patronage*sisteem kan nie in 'n regstaat inpas nie.

- 'n Tweede klassieke Afrika-element wat die politieke modernisering van Afrika teenwerk, is die beskouing dat mag nie iets is wat verdeel of gedeel kan word nie. Opposisie word nie as 'n noodsaaklike bestanddeel van moderne regeringstrukture en as 'n vereiste vir doeltreffende staatsbestuur beskou nie. Daarom kom veelpartydemokrasieë moeilik in Afrika tot sy reg en word potensiële opposisie in samewerkingsooreenkomste en koalisies gekoöpteer.

- Die derde belangrike element is die Afrika-erfenis van 'n statiese kyk op die wêreld. Die Afrika-wêreldbeskouing is nie op die beginsel van vooruitgang of ontwikkeling gebaseer nie, maar op die beskerming en behoud van die bestaande situasie, veral bestaande magsverhoudinge, besitsverhoudinge en gevestigde etnisiteitsbelange.

Die Westerse koloniale magte het 'n moderne staatsidee op hierdie pre-moderne erfenis probeer plant. Daarvoor het hulle 'n élite gewerf wat in die proses van die massa vervreem is. Hulle het later die leiers van die bevryding geword, 'n magsposisie wat hulle net kon behou deur die allesomvattende mag uit te oefen wat hulle kon verskans agter die konsepte Afrikanisering en tradisionalisering.

Die ontwikkeling van 'n meer demokratiese en groeibewustheid sedert die middeljare neëntig in lande soos Suid-Afrika, Botswana, Oeganda en vanjaar in Kenia, die moontlikheid van oplossings in Sentraal-Afrika en die stigting van die Afrika-unie en NEPAD, laat die vraag ontstaan in hoeverre Van der Veen se ontleding deur die jongste gebeure in Afrika weerspreek word. Hy gee aan die positiewe ontwikkelinge in Afrika tot begin 2002 erkenning (bladsy 422). Die toets wat hy aanlê vir die moontlike langtermyn-betekenis van hierdie konstruktiewe gebeure, is 'n vergelyking van Suid-Afrika en Zimbabwe. Kort en kragtig is sy vraag: gaan Suid-Afrika die pad van Zimbabwe loop? Omdat Zimbabwe eers in 1980 onafhanklikheid verkry het en Suid-Afrika eers in 1994 is altwee lande agter die ontwikkelingspatroon van Afrika. In die lig van wat 20 jaar na onafhanklikheid in Zimbabwe aan gebeur is, is die vraag wat teen 2014 die omstandighede in Suid-Afrika sal wees?

Van der Veen gaan nie spesifiek in op sy toekomsverwagtinge vir Suid-Afrika nie. In sy algemene skets van toestande in Afrika teen 2025 laat hy ruimte vir wat hy noem die eilande van uitsondering waar groei, vooruitgang en demokratisering sukses kan behaal. As gelet word op sy algemene positiewe houding teenoor ontwikkelinge in Suid-Afrika sedert 1990, kan aangeneem word dat hy Suid-Afrika ook as so 'n eiland sien. Maar vir die res van Afrika is sy toekomsprentjie relatief donker. Afrikastate sal nie verder disintegreer nie, maar sal ook nie noemenswaar-

dige groei en demokratisering vertoon nie. Die leefwyse van die massa sal weinig verskil van vandag en armoede sal toeneem, nie omdat daar nie iets gedoen word om dit te probeer bekamp nie, maar omdat skynbaar onstuitbare bevolkingsgroei dit onbeheerbaar sal maak. Hy voorsien beperkte sosiaal-ekonomiese vooruitgang omdat Afrika net nie die vermoë het om globaal te kan kompeteer nie. Internasionale investering sal nie dramaties toeneem nie, vigs sal steeds nie onder beheer wees nie en emigrasie van die intellektuele élite sal voortgaan.

Die eilande van vooruitgang sal daardie lande wees waar Westerse kenmerke van groei, vooruitgang en magsmededinging op demokratiese wyse en 'n legitieme demokratiese kultuur met Afrika-elemente versoen word, soos in Japan, Suid-Korea, Maleisië en Singapoer gebeur het en soos in China begin ontwikkel, waar tradisionele kultuurmentaliteite hulle met hierdie Westerse waardes en sisteme versoen het.

Prof. Pieter Kapp
Stellenbosch